[44]

6
TE

Die Vereniging van
Prokureursordes
van die RSA

VPO·ALS

Brookstraat 304
Menlopark, Pretoria
Posbus 36626, Menlopark, 0102
Tel: (012) 342-3330/9
DOCEX 82
Faks: (012) 342-3305

1/5/10/44

Ons verwysing: C185

11 November 1993

**PER TELEFAKS: (011) 397-2211**

Dr T Eloff
Hoof van Administrasie
Veelparty Onderhandelingsproses
**KEMPTONPARK**

Geagte dr Eloff

**NUWE GRONDWETLIKE BEDELING**

Met verwysing na vorige korrespondensie wat ons met u gehad het, sal u bewus wees dat ons 'n intense belang het by die grondwetlike ontwikkelinge wat tans onderhandel word.

Ons sal dit waardeer indien u ons kan voorsien met enige verdere verslae wat handel met

- die grondwet;
- die beoogde konstitusionale hof; en
- die akte vir menseregte.

Indien dit vir u meer gerieflik sal wees, kan u kantoor my skakel wanneer van hierdie verslae gereed is en ons sal sorg dat dit by u kantoor afgehaal word.

Ons dank u vir u samewerking in hierdie verband.

Die uwe

**A L J VAN VUUREN**
**DIREKTEUR-GENERAAL**